# St. Helenabaai-naweek 2023

| ROETE: | Twee stappe kuslangs | DATUM: | 12-14 Mei 2023 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam sewe mense het die Vrydagmiddag na St Helenabaai gereis vir 'n heerlike naweek by Desiree Timmet en haar suster Esmay Josephs. Ons basis vir die naweek was ‘Es en Des’ se ruim strandhuis in St.Helenabaai. Ons het die naweek met 'n egte Weskus-snoekbraai ingewy. Saterdagoggend sluit nog twee stappers by ons aan en ons stap die 11 km van Stompneusbaai na Paternoster strandlangs. Ons kry hulp met vervoer van die twee dagstappers se familie wat ons voertuie vir ons Paternoster toe gebring het. Ons kuier eers by die Voorstrandt Restaurant met sy rooi dak en verken toe Paternoster se winkeltjies en waterfront voor ons die pad terug huis toe neem. Ons braai weer die aand en gaan kruip vroeg in want die stap op die los sand het ons lekker kapoet gemaak. Sondag is dit Moedersdag en Esmay deel 'n mooi boodskap van samesyn en omgee met ons. Ons stap seelangs tot by die Shelley Point Hotel waar ons lekker op die rusbanke agteroor sit en cappuccino’s drink. Daarna stap ons terug, maak skoon en pak op om weer terug te ry Kaap toe waar baie van ons nog Moedersdagvieringe gehad het. 'n Groot dankie aan Esmay en Desiree vir hul gasvryheid. Dit was 'n baie spesiale naweek. Stapafstand: 25 km. Klimhoogte: 25 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2023045 | R 10 | 25 | |
| Desiree Timmet | Besoeker | R 20 | 25 | |
| Esmay Josephs | Besoeker | R 20 | 25 | |
| Hannah Jacobs | 2023140 | R 10 | 25 | |
| Ari van Eck | 2023148 | R 10 | 25 | |
| Arina van Eck | 2023147 | R 10 | 25 | |
| Estelle Zietsman | 2023048 | R 10 | 25 | |
| Linda Marais | 2023152 | R 5 | 11 | Stap net Saterdag |
| Theo Marais | 2023151 | R 5 | 11 | Stap net Saterdag |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 100** | **197** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|